

FEITEBLAD NO. 2

VOORDELE VAN

ORGANIES-

VELDAFGERONDE

VEE



KHSA
Knowledge Hub for
Organic Agriculture
in Southern Africa



**Namibian
Organic
Association**



Agtergrond

Deesdae het mense hoër lewensverwagtinge as in vorige eeue. Die hoofsaaklike van dood het verskuif van aansteeklike siektes na nie-oordraagbare siektes soos vaskulêre probleme (hartaanvalle, beroertes) asook kankers en suikersiekte. Alhoewel dit nie altyd noodlottig is nie, is hierdie siektes nou baie meer algemeen en word dit dikwels aan dieet en voeding gekoppel.¹ Die gebreke van ons voedselstelsel – wat kalorieë verskaf, maar nie noodwendig voeding nie – kan grootliks aan die industriële boerderymodel toegeskryf word. Meganiese en chemiese ingrypings in hierdie model lei tot grondagteruitgang, wat lei tot minder voedingstowwe in die kos wat ons eet.² In die industriële model word diere in beperkte ruimtes aangehou om beweging te verminder terwyl hulle hoë-kalorie- rantsoene gevoer word om gewigstoename te bespoedig. Hierdie voerkraal en battery metodiek verhoog die risiko van vinnig-verspreidende siektes. Alhoewel dit deur antibiotika teengewerk kan word, hou hierdie maatreël ook 'n risiko vir menslike gesondheid in.

Vele voordele van organiese produksie

Organiese landbou, in teenstelling met konvensionele boerderystelsels, vermy monokulture en koester die bodem as die basis van gesondheid vir plante, asook groot- en kleinvee wat onder organiese beginsels in Namibië geproduseer word. Ook in meer intensiewe produksiestelsels het alle organies geproduseerde vee toegang tot weiding terwyl graanvoeding beperk word. Die produksie van organiese veldafgeronde beesvleis vir menslike gebruik hou aansienlike voordele vir mense, diere en die omgewing in. Hierdie vleis is hoër in Omega-3-vetsure en is minder waarskynlik besmet met chemikalieë, soos antibiotika en groeihormone. Dit is dus gesonder om te eet. Die dier self baat daarby aangesien organiese landbou die klem op dierewelsyn plaas. Diere wat met organiese of herlewingslandboupraktieke geproduseer word, skei ook minder kweekhuiskasgasse af as dié wat konvensioneel geboer word, wat dus minder bydra tot klimaatsverandering. Hulle vreet gereedlik beskikbare hulpbronne, wat die koste van veevoer ook verminder. Onlangse navorsing het getoon dat herlewingslandbou 'n belangrike rol kan speel in die bekamping van klimaatsverandering deur die herstel van ekosistemoefunksies.³

Voordele vir die verbruiker

Organiese vleisproduksie bied verskeie gesondheidsvoordele vir die verbruiker:

- **Vleis sonder chemie/plaagdoders.** Onder organiese beginsels mag diere nie gras/aanvullings/grane gevoer word wat met chemikalieë (plaagdoders, onkruidodders) bespuit is nie. Daar is bewys dat hierdie chemikalieë kanker en swak gesondheid by

mense veroorsaak⁴ en chemiese oorblyfsels is gevind in vleis van diere wat deur hul voer aan hierdie chemikalieë blootgestel is.⁵

- **Vleis met hoër voedingswaarde.** Organiese landbou verbeter natuurlike prosesse in soverre organiese voedsel hoër voedingswaarde het en kragtige kankerbestrydende organiese verbindings soos antioksidante en vitamien verskaf. Die vleis van organiese veldafgeronde vee het oor die algemeen meer A, B en E vitamien, sowel as ander antioksidante. Nog 'n kragtige verbinding wat in verhoogde vlakke in organiese beesvleis gevind word, is saamgestelde linoleïensuur, 'n verbinding wat vetsug, diabetes en borskanker help voorkom.⁶ Die vet op beesvleis afkomstig van gesonde weiveld, wat tipies baie maerder is as voerkraal beesvleis, bevat verhoogde vlakke van Omega-3-vetsure, wat ons kardiovaskulêre stelsels gesond hou en breinfunksie verbeter.
- **Vleis sonder antibiotika.** Anders as in voerkrale, word organiese veetelers nie toegelaat om antibiotika voorkomend te gebruik nie. Die oorgebruik van antibiotika is gekoppel aan wydverspreide weerstand daarteen en is deur die Wêreldgesondheidsorganisasie as een van die grootste bedreigings vir globale menslike gesondheid geïdentifiseer.

Wanneer vee hul natuurlike dieet van gras vreet, is die voordele van hul vleis vir die verbruiker aansienlik meer as dié van voerkraaldiere wat oorwegend met graan gevoer word. Namibië het reeds wêreldklasregulasies in plek teen die gebruik van groeihormone en voorkomende gebruik van antibiotika en spreek daardeur die bekommernisse van eerstewêreld-uitvoermarkte aan.



KCOA
Knowledge Centre for
Organic Agriculture
in Africa



**german
cooperation**
DEUTSCHE ZUSAMMENARBEIT

Implemented by:
giz Deutsche Gesellschaft
für Internationale
Zusammenarbeit (GIZ) GmbH

Voordele in terme van dieregesondheid en -welsyn

Diere binne organiese produksiestelsels word toegelaat om hul natuurlike gedrag uit te druk. Namibiese veeboerdery vind plaas onder ekstensiewe toestande, teling vind natuurlik plaas en diere is in staat om natuurlike sosiale gedrag soos kudde-instink te toon. Organiese standaarde spreek dierewelsynkwessies aan tydens veebestuur, soos skendings (kastrasie, onthoring), sowel as tydens vervoer en die slagproses. Enige stresvolle periodes moet tot die minimum beperk en behoorlik hanteer word om die risiko van onnodige stres en pyn te verminder.

Voordele vir die omgewing

Die klimaatsveranderinge wat ons nou ervaar, kan gekoppel word aan hoër konsentrasies kweekhuysgasse (soos koolstofdoksied en metaan) in die Aarde se atmosfeer as tydens die voor-industriële tydperk. Grootse industriële landbou het die skuld gekry vir verhoogde produksie van koolstofdoksied, metaan en ammoniak. Organiese landbou en ander herlewingslandbou boerderypraktyke, as dit korrek toegepas word, speel 'n kragtige rol om klimaatsverandering te versag. Dit gaan nie oor die bees as sulks nie, maar hoe die bees bestuur word. Die dilemma rondom koolstofvrystelling word deur organiese landbou beheer omdat sodanige bestuur:

• **Vrystelling van kweekhuysgasse verminder**

Organiese veldafgeronde beeste stel minder metaan ('n kragtige kweekhuysgas) vry as graangevoerde beeste in voerkrale. Daarbenewens fokus organiese produksie op plaaslike produksie en bemarking, wat die koolstof wat tipies in uitgebreide vervoer- en bemarkingstelsels vrygestel word, tot die minimum beperk. Vee wat uitsluitlik op grasveld/natuurlike weiding gevoer word, vereis ook nie dat bykomende voer deur koolstof-produiserende vragmotors ingebring word nie.

• **'n Positiewe koolstofbalans genereer**

Daar is bewyse dat plaasgrond wat herlewend bestuur word, meer koolstof vaslê as wat dit in die atmosfeer vrygee. Dit gebeur deurdat koolstof in organiese verbindings soos glomaliën en humus gebind word. Dit is hoogs stabiele stowwe wat waardevolle dienste lewer wanneer reën val deur infiltrasie te verbeter en water vir langer tydperke te behou as in grond wat min organiese materiaal bevat. Versigtig bestuurde vee kan koolstofsekwestrasie aansienlik verhoog in vergelyking met grond wat sonder vee-impak gelaat word. Baie wetenskaplikes sien dus nou eintlik vee as instrumente om klimaatsverandering te versag en nie as 'n primêre oorsaak daarvan nie.⁷

• **Chemie-vrye boerdery is**

Chemiese ingrypings op weiding het 'n negatiewe uitwerking op verskillende voedingsvlakke. Ter voorbeeld: die gebruik van Ivermektien teen inwendige parasiete is dodelik vir miskruiers. Miskruiers lewer 'n kritieke diens aan die ekosisteem deur voedsame organiese materiaal ondergronds te neem en sodoende grondlewe en koolstofsekwestrasie op lang termyn te verbeter.

• **Weiding bestuur om bosindringing te beheer**

Groot dele van Namibië se weiveld ly onder bosindringing. Dit veroorsaak 'n ekonomiese uitdaging. Die uitwissing van roofdiere en die voorkoming van veldbrande het gelei tot onbehoorlike weidingbestuur en versteurde ekologiese siklusse. Die gebruik van bosdoders om bosindringing te bekamp, word nie in organiese produksie toegelaat nie. Daar is nog min navorsing gedoen op die langtermyn-effek van bosdoders op ekosisteme sowel as menslike gesondheid, maar het reeds getoon dat dit in baie kontekste nadelig is. Bos kan wel meganies verminder word en vee, wanneer behoorlike wisselweiding gebruik word, speel 'n sleutelrol om grasvelde oop en gesond te hou, met verhoogde spesiesamestelling en hoër biomassa per hektaar. Koolstof wat in gesonde grasveld gestoor word, is oor die algemeen aansienlik hoër as dié in beboste gebiede.

Vee wat natuurlik op organiese grasveld grootgemaak word, verskaf voortreflike, gesonde vleis wat baie voedingselemente bevat. Dit is 'n wen-wen situasie vir die dier, boer en die planeet.

¹World Health Organisation. (2022). Noncommunicable diseases. <https://www.who.int/news-room/fact-sheets/detail/noncommunicable-diseases>.

²Mackintosh, C. (November 13, 2008). Chemical based farming systems robbing us of nutrients. <https://www.permaculturenews.org/2008/11/13/chemical-based-farming-systems-robbing-us-of-nutrients/>; Montgomery, D.R., Blikle, A., Archuleta, R., Brown, P. & Jordan, J. (January 27, 2022). Soil health and nutrient density: preliminary comparison of regenerative and conventional farming. <https://peerj.com/articles/12848/>.

³Rodale Institute. n.d. Regenerative Organic Agriculture and Climate Change: A down-to-earth solution to global warming. <https://rodaleinstitute.org/wp-content/uploads/rodale-white-paper.pdf>.

⁴Bassil, K.L., Vakili, C., Sanborn, M., Cole, D.C., Kaur, J.S. & Kerr, K.J. (October, 2007). Cancer health effects of pesticides: systematic review. *Can Fam Physician* 53(10). <https://www.ncbi.nlm.nih.gov/pmc/articles/PMC2231435>.

⁵Tongo, I. & Ezemone, L. (2015). Human health risks associated with residual pesticide levels in edible tissues of slaughtered cattle in Benin City, Southern Nigeria. *Toxicol Rep* 2:1117-1135. <https://www.ncbi.nlm.nih.gov/pmc/articles/PMC598159/>.

⁶Dilzer, A. & Park, Y. (2012). Implication of conjugated linoleic acid (CLA) in human health. *Crit Rev Food Sci Nutri* 52(6):488-513. <https://pubmed.ncbi.nlm.nih.gov/22452730/>; Wang, L., Huang, Y., Liu, S., Yan, P. & Lin, Y.C. (2008). Conjugated linoleic acid induces apoptosis through estrogen receptor alpha in human breast tissue. *BMC Cancer* 208. <https://bmccancer.biomedcentral.com/articles/10.1186/1471-2407-8-208>.

⁷Nargi, L. (2018). Can cows help mitigate climate change? Yes, they can! <https://daily.jstor.org/can-cows-help-mitigate-climate-change-yes-they-can/>

Ontmoet NOA – Die Namibiese Organiese Assosiasie

NOA is 'n lidmaatskap-gebaseerde organisasie wat in 2009 op die been gebring is deur 'n groep dinamiese produsente en verbruikers, met die gemeenskaplike doel om die organiese landbousektor in Namibië te bevorder.

Ontmoet KHSA – die suider-Afrikaanse kerngroep kundiges oor organiese landbou
KHSA vorm deel van die Afrikaprojek met 'n soortgelyke missie (KCOA), wat lande saamsnoer in 'n vennootskap befonds deur die Duitse federale ministerie van ekonomiese samewerking en ontwikkeling (BMZ) en wat geïmplementeer word deur die Duitse genootskap vir internasionale samewerking (GIZ) asook nieregteringsorganisasies. Die projek moedig organiese landboupraktyke aan deur middel van vyf kundighedsorganisasies in Afrika. Die suider-Afrikaanse kundighedsgroepering (KHSA), fokus op Zambië, Suid-Afrika, Malawi en Namibië (gelei deur die Namibia Nature Foundation en NOA). Meer inligting is beskikbaar by die KHSA projekbestuurder vir Namibië: noa@nnf.org.na.

© Namibian Organic Association, 2022.

This factsheet was funded by the Namibian Organic Association as part of the Knowledge Hub for Organic Agriculture in Southern Africa (KHSA). This knowledge product can be copied, reproduced, adapted, translated, used to make derivatives and disseminated for not-for-profit and/or educational purposes only. It cannot be used for commercial purposes in any way, shape or form.



For the full copyright statement scan the QR code.